

# Gereformeerde Kerk Bellville – 12 Augustus 2018 – Oggend

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 9-1:1, 7, 11 (Sb 26)

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,  
deur wolke<sup>n</sup> en donkerheid omswewe, / sy wet op Horeb het gegee:
- 7 Gee eer aan vader en aan moeder, / want God regeer ons deur hul hand;  
dan sal die HEER, die troue hoeder, / ons seën in ons vaderland.
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade<sup>n</sup> is al waar ons op pleit;  
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 135:1, 3 (p. 655)

- 1 Prys die Naam van onse HEER! / Hef tesaam die lofsang aan!  
Loof sy goedheid, gee Hom eer, / al wie in sy voorhof staan!  
Loof Hom by die heugenis / van sy Naam wat lieflik is.
- 3 In die hoogte sit die HEER; / daar doen Hy wat Hom behaag;  
Hy stuur sy bevele neer, / en sy wil geskied omlaag.  
See en aarde luister stil, / met die dieptes, na sy wil.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 38:15, 17 (p. 193)

- 15 Ja, 'k bely voor U my sonde / onomwonde / en bekommerd oor my kwaad.  
Maar my vyand lewe pragtig, / altyd magtig / en in hoog verhewe staat.
- 1 Wil my, HEER, in hierdie lewe / nie begewe; / wees nie ver van my gebed!
- 7 Hoor die roepstem van 'n lyder, / o Bevryder / wat my altyd uit wou red!

Gebed

Psalm 127:3, 4 (p. 624)

- 3 Seuns is 'n erfdeel van die HEER; / die gawe van die moederskoot  
is 'n beloning eind'loos groot. / Soos pyle wat die vyand keer,  
so is die seuns 'n bron van vreug, / die seuns gebore' uit krag van jeug.
- 4 Gelukkig wie dit so mag gaan, / wat soos 'n held sy hand kan vul  
met sulke pyle; dit is hul / wat nie verleë hoef te staan,  
wanneer die vyand in die poort / vermetel spreek sy hoë woord.

**Skriflesing:** Efesiërs 4:25-5:5, 15-21; 6:1-4; Heidelbergse Kategismus, Sondag 39

**Kernvers:** Efesiërs 6:4

**En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.**  
(Efesiërs 6:4 AFR53)

## Heidelbergse Kategismus

### Vraag 104: Wat eis God in die vyfde gebod?

*Antwoord: Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp (a). Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê (b), omdat God ons deur hulle wil regeer (c).*

*(a) Ef 6:1, 2, 5; Kol 3:18, 20, 22; Ef 5:22; Spr 1:8; 4:1; 15:20; 20:20; Eks 21:17; Rom 13:1. (b) Spr 23:22; Gen 9:24; 1 Pet 2:18. (c) Ef 6:4, 9; Kol 3:20; Rom 13:2, 3; Matt 22:21.*

**Tema:** Wat ouers doen dat kinders die Here gehoorsaam

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, kinders is belangrik vir die Here. Daaroor moet daar by gelowiges geensins twyfel wees nie. Blaai maar net deur die Bybel en luister na alles wat die Here ons oor kinders leer dan sal jy agterkom hoe belangrik kinders vir die Here is. Toe die Here sy verbond met Abraham gesluit het, het Hy uitdruklik gesê dat sy verbond met Abraham ook 'n ewige verhouding is met die kinders tot in hulle nageslag. In die vyfde gebod praat die Here in besonder met die kinders.

In Psalm 8 sê die Heilige Gees dat selfs kinders en suigeling die magtige werk van die Here besing. Wanneer Joël profeteer oor die koms van die Heilige Gees, belowe die Here dat Hy sy Gees nie net aan grootmense sal gee nie. Die Heilige Gees sal ook op hulle seuns en dogters uitgegiet word sodat hulle van die Here kan profeteer. Die dissipels van Jesus het gedink die Here is met sulke belangrike dinge besig dat Hy nie tyd kan mors om kindertjies te seën nie. Maar dan sê Jesus dat hulle nie die kindertjies moet verhinder om na Hom te kom nie.

Omdat hierdie gemeente aan die Here gehoorsaam wil bly, word kinders nie geïgnoreer nie. Die kindertjies van gelowiges in hierdie gemeente word klein gedoop omdat ons glo en bely dat die Here sy verbond steeds met die kinders van gelowiges bevestig. Die kerkraad sien toe dat daar geloofsonderrig plaasvind in die gemeente en by huisbesoek word die kinders betrek omdat die Here ook met die kinders praat.

Broers, susters en kinders, alhoewel die Here sy vyfde gebod in besonder aan kinders afkondig, doen Hy dit sodat die ouers dit ook kan hoor. In die vyfde gebod gee die Here nie net aan die kinders 'n opdrag nie. Hy wys in dieselfde gebod vir die ouers op hulle verantwoordelikheid teenoor hulle kinders. As Paulus vanuit die vyfde gebod vir kinders sê hoe hulle verhouding met hulle ouers moet wees, gaan hy voort om ook vir die ouers te sê wat die Here van hulle eis.

**En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here. (Efesiërs 6:4 AFR53)**

Die feit dat net die vaders in ons kernvers aangespreek word, moet ons nie laat dink dat hierdie woorde nie net vir die pa's van die kinders bedoel is nie. Die Here beveel in die gebod die kinders om hulle vaders sowel as hulle moeders te eer. Daarom geld hier die woorde in vers 4 net soveel vir die ma as vir die pa in 'n huisgesin. Dat die vaders uitdruklik aangespreek word in hierdie vers, wys eerder daarop dat die pa die hoof van die huisgesin is. Hy is nie hoof omdat mans belangriker as vrouens nie, maar omdat die Here hom so aangestel het. As hoof van die huisgesin is die pa dan ook die adres vir die huisgesin by die Here. Wat ook al in daardie huisgesin gebeur – of dit goed is of sleg – die pa staan voor die Here verantwoordelik as hoof van die gesin.

Pa en Ma, om te wete te kom hoe gewichtig hierdie verantwoordelikheid is wat elke ouer dra, moet ons ook die volgende in gedagte hou. Die Here gee aan ouers 'n posisie van aansien in die huisgesin – kinders moet hulle vaders en moeder eer. Kinders moet hulle ouers respekteer en gehoorsaam omdat die Here so sê. Calvyn skryf in die tweede boek van sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* oor die Tien Gebooie. Hy wys daarop dat die Here die ouers deelgenote maak van sy eer en aansien. Calvyn gaan selfs so ver om te sê: *Dit betaam ons dus om in die mens wat ons vader is, iets goddeliks te erken want hy dra die goddelike titel nie sonder rede nie.* (Inst. 2.8.35) Die goddelike titel waarvan gepraat word is die naam *vader*.

Daarom ouers, aangesien die Here julle deelgenote maak van sy aansien, lê die verantwoordelikheid swaar op ons. Elke pa en ma moet 'n navolger van God wees. Met ander woorde, soos wat God met jou doen as sy kind, so behoort jy as ouer met jou kinders te doen. Ouers dra hierdie verantwoordelikheid nie as 'n swaer las nie, maar as 'n voorreg om hulle kinders groot te maak om die Here te gehoorsaam. Kinders grootmaak is nie maar net 'n plig nie. Kinders grootmaak is 'n wesentliche deel van die godsdiens wat ouers moet beoefen.

Die doelwit wat God vir gelowiges gestel het, is dat hulle gelykvormig moet wees aan die beeld van sy Seun. En om hierdie doelwit met sy kinders te bereik gee die Here die twee groot gebooie, naamlik om God en jou naaste lief te hê. Omdat die Here jou as pa en ma aangestel het, val jy nou in by die doelwit wat die Here ook vir jou kinders het. Die Here gaan sy doelwit met jou kinders deur middel van jou bereik. Ouers staan dus hulle kinders by om in liefde vir God en vir ander mense te groei, terwyl die kinders en die ouers met blydschap hulleself al hoe meer aan die heerskappy van Christus onderwerp.

Dit is 'n proses met verskeie onderdele. Die eerste en die belangrikste onderdeel vir jou kind om in liefde vir God en ander mense te groei, is dat die kind self 'n hegte en persoonlike verhouding met Jesus Christus sal hê. As 'n mens nie weet dat God en hoe God jou liefhet nie, sien 'n mens geen rede hoekom hy God en ander mense moet liefhê nie.

Pa en Ma, julle kan nie aan julle kind geloof gee nie en julle kan hom ook nie bekeer nie. Dit is net die Heilige Gees wat die geloof in julle kind se hart kan stort. Dit is ook net die Heilige Gees wat julle kind kan bekeer. En nou, juis omdat God julle as die kind se ouers aangestel het, wil Hy julle gebruik op hierdie pad met julle kind. By julle kind se doop het julle immers aan die Here belowe om julle kind in die vrese van die Naam van die Here groot te maak.

Lees van kleins af vir jou kind uit die Bybel. Laat hy sien watter eerbied jy vir die Woord van die Here het. Dit is immers deur sy Woord wat die Here Jesus Christus Homself aan jou kind gaan openbaar. Dit is deur die Bybel dat die kind gaan hoor hoe lief God mense het dat Hy sy eie Seun nie gespaar het nie maar Hom oorgelewer het om mense van hulle sonde te red. Met die hoor van die Woord en jou kind se ontdekking van die Woord wil die Heilige Gees die geloof in hom stort en hom tot geloof in Jesus Christus bring.

'n Tweede onderdeel om jou kinders in godsvrug te help groei is om godvrugtig te lewe – om heelyd daarvan bewus te wees dat jy voor die aangesig van die Here lewe. Jy leer dit aan jou kind wanneer hy hoe langer hoe meer besef dat dit in die eerste plek nie oor jou as ouer gaan nie, maar dat sy lewe vir God tevrede moet stel. Kinders moet leer dat hulle ongehoorsaamheid en ander sonde die Heilige Gees bedroef en God teleurstel.

Wanneer jou kind al self kan lees, leer hom hoe om Bybelstudie te doen. Dit is mos deur die Bybel te lees en daaruit te studeer dat die Heilige Gees die woorde van die Here op 'n mens se hart skryf. So kom die kind ook agter wat reg is in die oë van die Here en wat verkeerd is in die oë van die Here. Pa en Ma, ons ouers moet ook self godvrugtig lewe sodat die kinders kan sien hoe mens dit doen. Bid voortdurend dat die vrug van die Gees – liefde, geduld, vrede, goedhartigheid en selfbeheersing – ook in jou lewe groei. So gaan die kind leer wat dit beteken om die Here met sy lewe tevrede te stel.

'n Derde onderdeel van kinders opvoed, is om hulle ook te leer om die tweede groot gebod van die Here te gehoorsaam. Dit is om ander mense lief te hê soos wat hulle hulleself liefhet. Dit beteken kinders moet leer om aan ander mense te doen wat hulle aan hulleself gedoen wil hê. Hulle moet leer hoe om konflikte op te los soos wat die Here ons leer – deur insiklik te wees en ook die minste te wees. Leer hulle om so met ander mense te praat dat die ander mense deur hulle woorde opgebou word en nie afgebreek word nie. Kinders moet ook leer om te kan onderskei sodat hulle vir hulle vriende kan kies wat hulle nie van die Here af gaan wegtrek nie, maar eerder hulle gaan aanspoor om in hulle verhouding met die Here te groei. Leer jou kind om 'n dissipel van Jesus Christus te wees sodat hulle dit ook aan ander kinders kan leer.

'n Vierde onderdeel is om kinders te leer dat hulle alles tot eer van die Here behoort te doen. Daarom hoor ons Paulus op 'n plek sê dat 'n mens self tot eer van die Here eet (Rom 14:6). Wanneer ouers hulle kinders goeie maniere leer, leer om takies in die huis te verrig, leer om spaarsamig te leef, leer om die skepping op te pas, lyk dit vir baie mense miskien soos iets wat elke verantwoordelike mens behoort te doen. Maar as gelowige leer jy jou kind dat selfs hierdie alledaagse dinge deel is van sy en haar diens aan die Here. 'n Mens maak nie maar net sommer jou kamer aan die kant nie. Jy doen dit omdat jy die Here daarmee verheerlik. Wat ons ook al doen, doen ons nie in die eerste plek dat mense ons moet aan prys nie. Ons doen dit omdat die Here ons liefhet en ons, met elke ding wat ons doen, Hom dien en eer.

Broers en susters, ons kom agter om kinders groot te maak is 'n oorweldigende taak. Die doelwit van kinders grootmaak is nie maar net sodat hulle goeie burgers in die land sal wees of dat hulle eendag 'n goeie werk sal hê nie. Dit gaan oor meer as dit – dit gaan daaroor dat hulle die Here in alles sal eer en dien omdat hulle oortuig is dat Christus ook vir hulle gesterf het. Omdat dit so 'n oorweldigende taak is en gelowige ouers dit met oorgawe wil doen, vra hulle: Hoe gaan ons dit regkry?

Pa en Ma, 'n ouer sal hierdie verantwoordelike taak alleenlik kan doen wanneer hy en sy hou by die beginsel: Soos wat God teenoor jou optree as sy kind, so moet jy ook as pa en ma optree teenoor jou kind. Het God jou lief ondanks jou tekortkomings en sonde? Dan moet jy ook jou kind liefhê ondanks sy tekortkomings en stoutighede. Moenie jou liefde van jou kind af terugtrek met die bedoeling om hom te straf omdat hy stout was nie. Is God met groot geduld besig om jou te leer om reg voor Hom te lewe? Dan moet ouers ook geduld hê met hulle kinders sodat hulle kan leer.

Wanneer 'n pa en 'n ma dan 'n navolger van God en veral 'n navolger van Jesus Christus is, moet hulle weet dat hulle voorbeeld van die grootste belang is. Vir ons is dit nie vreemd nie, want ons ken die spreekwoord: Woorde wek, maar voorbeelde trek.

As ouers daartoe wil bydra dat hulle kinders die Here sal gehoorsaam, beteken dit in die eerste plek dat hulle pa en ma ook gehoorsaam aan die Here moet leef sodat die kinders dit kan sien. Wil jy hê dat jou kind hom moet verdiep in die Woord van die Here, dan moet jy dit ook doen. Wil jy hê dat jou kind die vreugde en hoop van 'n gelowige lewe uitstraal,

dan moet jy ook die vreugde en hoop van 'n lewe in nabyheid aan die Here uitstraal. Prakties beteken dit dat jy onder die heerskappy van Christus lewe. Jou verhouding met Christus bepaal jou gemoed en optrede en nie die omstandighede waarin jy jou bevind nie.

Genade, liefde en regverdigheid behoort die eienskappe te wees van ouers wat navolgers is van God. God openbaar Homself as die God wat vol genade, liefde en waarheid is. Hy is lankmoedig en vergewe die sondes van sy kinders, maar Hy laat die sonde nooit ongestraf bly nie. Die Here betoon groot genade en liefde aan sy kinders, want Hy is die barmhartige God. En terselfdertyd is Hy ook die regverdige God. As Hy een maal gesê het wat verkeerd is in sy oë, bly daardie ding altyd verkeerd in sy oë. En as sy kind oortree, tug die Here hom.

In navolging van God is gelowige ouers dan ook vol liefde vir hulle kinders. Hulle reëls in die huis is billik en dit staan vas. 'n Gelowige ouer bly konstant wanneer dit kom by wat reg en verkeerd is, anders sal die kind deurmekaar en onseker word. En wanneer 'n kind dan getug moet word, word dit gedoen om die kind reg te help en nie om die kind te pynig nie. Wanneer die Here tug, doen Hy dit omdat Hy wil hê dat sy kinders moet deel hê aan sy heiligheid (Heb 12:10). Wanneer jou kind dan getug moet word, doen dit met liefde en nie omdat jy kwaad is nie. As jy dit gaan doen omdat jy kwaad is, is die kans dat jy wreed gaan wees groter as wat jy dink.

Die Here se opdrag aan die ouers sê uitdruklik: Voed die kinders op in die tug en vermaning van die Here. En die enigste manier om te weet wat die tug en vermaning van die Here is, is wanneer pa en ma hulleself verdiep in die Woord van die Here. En wanneer dit by die uitvoer daarvan kom, smee jy om die leiding van die Heilige Gees.

Kinders grootmaak is inderdaad 'n groot en verantwoordelike taak. Geen kind kom met 'n handboek uit oor hoe jy hom en haar moet hanteer nie. En boonop is nie twee kinders presies dieselfde nie. Maar die Here het die kinders aan julle as ouers gegee. En omdat Hy julle wil gebruik om sy doelwit met die kinders te bereik, het julle in Christus altyd die voorreg om by die Here te vra: Here, help my dat ek ook in die grootmaak van my kind U gehoorsaam sal dien.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 128:3, 4 (p. 627)

- 3 Soos jong olyfboomplante, / wat uitspruit sterk en fris,  
so bloei aan alle kante / jou kinders om jou dis.  
O wie van dié getal is, / hy wat die HERE vrees,  
vir wie God een en al is – / hy sál geseënd wees.
- 4 Mag ryke seëninge / uit Sion jou bedou;  
mag jy dié goeie dinge / van Sionstad aanskou!  
mag jy nog, op jou bede, / 'n nakroosseen verkry!  
En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

**Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
12 Augustus 2018**